



COMPOSITION	
Nutriënt	g/kg
Ruproteïen (min.)	400
Ekwivalente Ruproteïen vanaf NPN (maks.)	35.88 %
Ureum (maks.)	50
Ru-vet (maks.)	14
Ruvesel (maks.)	80
Vog (maks.)	120
Kalsium (min.)	25
Kalsium (maks.)	55
Fosfor (min.)	25
Ca:P Verhouding	1-2.2:1
Sulfaat (min.)	6.4
Kalium (min.)	58.4
Magnesium (min.)	11.4
Yster (min.)	406 mg/kg
Koper (min.)	97.4 mg/kg
Mangaan (min.)	195 mg/kg
Sink (min.)	390 mg/kg
Kobalt (min.)	1.3 mg/kg
Jodium (min.)	4.1 mg/kg
Selenium (min.)	2 mg/kg
ME Bees/Skaap	7.5 MJ/kg

VOER AANBEVELINGS

- Die produk is 'n supplement en nie 'n voer nie.
- Voldoende weiding/ruvoer moet deurgaans beskikbaar wees.
- Hou lekbakke vol om gulsige vreet deur honger diere te voorkom.
- 'n Gereelde daaglikse inname kan vergiftiging help voorkom.
- 'n Soutfosfaatlek moet ten minste 7 dae voor die verskaffing van 'n NPN-bevattende lek voorsien word om southonger en oormatige inname van ureum te voorkom.
- Stoor in 'n koel, droë plek, weg van direkte sonlig.

Hoë kwaliteit somer lekkonsentraat vir beeste en skape

- Geskik vir vermenging van hoë kwaliteit produksielekke vir beeste en skape op somerweiding sowel as aangeplante weiding.
- Finale mengsels voorsien optimale kwantiteit en kwaliteit energie, natuurlike proteïen, NPN, minerale en spoorminerale vir ekonomiese benutting van somerweidings.
- Finale mengsels voorsien hoë vlakke van rumen verbyvloei-proteïen en energie vir verbeterde GDT, melkproduksie en wolgroei by skape.
- Finale mengsels word aanbeveel vir "backgrounding" van speenkalwers en die uitgroei van vervangingsverse en fase D bulle.

GEBRUIKSAANWYSINGS

1. Beskerm hierdie veevoer teen reën. NPN (Bv. Ureum) is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
2. Moet nie hierdie veevoer onoordeelkundig saam met ander NPN bevattende veevoere voer nie. Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegnieuse Adviseur vir die nodige aanbevelings.
3. Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Behandeling: Meng met gelyke hoeveelhede water en doseer 'n halwe bottel per kalf of groot skaap en 2 tot 4 bottels per bees (1 bottel = 750ml).
4. Riglyne vir inname: Inname sal bepaal word deur die produksie status van diere en die kwaliteit en kwantiteit van die weiding.
5. Lek inname moet bestuur word. Dit word aanbeveel om die verlangde hoeveelheid daaglik aan diere te voorsien. Navorsing toon egter dat indien diere die verlangde daaglikse hoeveelheid lek in 'n korter tyd vreet, daar nie probleme onder vind word nie. Indien bestuur slegs toelaat om bv. elke derde dag lek uit te plaas, verskaf dan die verlangde hoeveelheid lek as volg (g/dier x aantal diere x 2 dae). Hierdie voermetodes maak dit moontlik om onder alle omstandighede die verlangde innames te verkry, wat nie moontlik sou wees indien sout uitsluitlik as innamereguleerder gebruik word nie. **Voldoende kripspasie is van uiterste belang.**

Vorm: Meel

Verpakking: 40 kg Sakke

Klas: KONSENTRAAT VIR BEES EN SKAAP SUPPLEMENT VOER
 Reg. nr.: V17075 – Wet 36/1947
 AFGRI Produktkode: R1211

12 Byls Bridge Boulevard
 Highveld Ext 73
 Centurion

Tel: +27 11 063 2347
 afgrianimalfeeds.co.za



MENG INSTRUKSIES	Produksie supplement	
Bestandele	Skape	Beeste
Mieliemeel, Hominy chop, Koringsemels ¹	460 kg	300 kg
Somertech HPK	160kg	280 kg
Molassemeel ²	80 kg	120 kg
Sout ³	100 kg	100 kg
Totaal	800 kg	800 kg
AANBEVOLE INNAME g/dier/dag		
Dier	Produksie supplement	
Skape	300-335	
Beeste	970-1200	

¹ Mieliemeel (80g/kg proteïen op soos gevoer basis).

² Indien melassemeel/stroop nie gebruik word nie kan dit in gelyke hoeveelhede deur 'n energiebron (bv. mielies) vervang word.

³ Soutvlakke kan verhoog of verlaag word afhangende van die inname wat verlang word.

SAMESTELLING VAN MENGSEL	Klas: Proteïen, Energie, Mineraal en Spoormineraal supplement	
	Produksie supplement	
	Skaap	Bees
Nutriënt	g/kg	g/kg
Ruproteïen (min.)	130	172
Ekwivalente Ruproteïen vanaf NPN (maks.)	22.4%	28.7%
Ureum maks.)	10.1	17.5
Ruvesel (maks.)	80	80
Vog (maks.)	120	120
Kalsium (min.)	6.0	9.8
Kalsium (maks.)	12.0	20.2
Fosfor (min.)	6.0	9.8
Ca:P Verhouding	1-2:1	1-2.06:1

WAARSKUWING

Hierdie veevoer bevat 'n NPN bron geregistreerde medikamente. Voer streng volgens voorskrifte. prescribed ingredients. Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele. Vir medikament besonderhede sien die bykomende sak etikette.